

Ons wens jou 'n geseënde Kerstyd toe. Mag elkeen met nuwe krag die nuwe jaar tegemoetgaan. Mag die genade en vrede van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees by julle almal in hierdie tyd wees.



Die deurkollekte op 9 Desember vir Biblia Hawesending was R2 677.50. **Baie dankie!** Die deurkollektes tydens die vakansie is onderaan aangedui.

### **Deurkollekte: 16 Desember 2018 tot 6 Januarie 2019**

**Sondag 16 Desember: Makhathini**, net suid van die grens met Mosambiek, is besonder warm en onherbergsaam. Arm, dikwels ongeletterde mense vorm hier 'n besondere gemeente. Die werk dateer van voor 1923. Die gemeente het sowat 700 lidmate wat by 22 preekpunte bedien word.

**Sondag 23 Desember: Straatwerk** is 'n Christen organisasie wat uitreik na mense in nood in en om die kom van Kaapstad. Hulle reik onder andere uit na: vroue vasgevang in prostitusie (en hulle kinders), hawelose mense en diegene wat betrokke is in die nagklubkultuur van die stad (dwelmhandelaars, mans betrokke in prostitusie, nagklubgangers, ens). Hul hoofdoel is om die Goeie Nuus van Jesus Christus met hulle te deel en om hulle te help hoe dit ook al moontlik is (voedsel, klere, basiese mediese hulp, krisis-verblyf).

**Dinsdag 25 Desember:** Die kollekte word verdeel tussen die **Kerkbode Kersfonds en Studietrust**. Die Kerkbode-Kersfonds word gebruik om vir talle weeskinders 'n spesiale Kersfees te gee. Die Studietrust ondersteun minderbevoorregte studente deur dit vir hulle moontlik te maak om te studeer.

**Sondag 30 Desember: Sending Zimbabwe, Malawi, Mosambiek** - Ons kerkfamilie het meer as 'n eeu gelede met werk in hierdie drie lande begin.

**Sondag 6 Januarie: Jeugwerk** Die visie van die Taakspan vir Jeug en Familie is om vir alle generasies ruimte te maak binne die kerk. Daarvoor doen hulle navorsing, fasiliteer gesprekke en ontwerp prosesse wat gemeentes self kan gebruik om in hulle eie konteks hierdie uitdaging die hoof te bied. Die Taakspan ondersteun dit met materiaal wat ontwikkel word en kursusse wat aangebied word.

<b>Bankbesonderhede</b> Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank) Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320	<b>NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen</b> Telefoon: 021 886 5975 Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)
------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------

**Betaal met Snapscan** Ons het ons eie SNAPSCAN-blokkie. As jy die toep of app wil aflaai, gaan na <http://www.snapscan.co.za/user.html> en volg die maklike stappe. Jy kan selfs die bankkollekte en deurkollekte daarmee betaal. Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul sodat ons boekhouding kan klop en ons die fondse reg kan allokeer.



**Die kerkkantoor is gesluit van 24 Desember 2018 tot 7 Januarie 2019.**

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou  
Om so sy groot opdrag uit te leef.



## Desember-vakansie

Preekrooster vir die vakansie:

16 Desember: Monty Sahd  
23 Desember: Monty Sahd  
25 Desember: Monty Sahd  
30 Desember: Elzanne van der Westhuizen  
6 Januarie: Elzanne van der Westhuizen

Jaartema:  
Dissipels ontvang en  
soek die geskenk van  
gemeenskap.



### Kersprojek 2018: bydraes steeds baie welkom!

Enigene wat nog enige iets wil skenk vir die Kersprojek, is baie welkom. Daar is houe by die deure vir produkte. Skenkings kan ook op die Kersprojek-tafel in die kerk geplaas word of tot 21 Desember in die kerkkantoor afgegee word. Kontantbydraes vir die Kersprojek kan in die kollektemandjies geplaas word – duidelik gemerk "vir Kersprojek". EFT-betalings moet ook asb gemerk word as "Kersprojek". Baie, baie dankie vir alle bydraes wat ontvang is!

*Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mens in wie God 'n welbehag het!*

### Jaartema vir 2019

Ons gemeente se jaartema vir 2019 is **Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees**.

### VOORBIDDING:

**RSA & Dorp:** Vigs geïnfecteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanlikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloos en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners.

**Gemeente & Kerk:** Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Reën wat ons so nodig het en oordeelkundige gebruik van water. Aangename rustyd vir gesinne en families en veilige reis en terugkeer van vakansiebestemmings.

**Baie geluk aan al die lidmate wat gedurende die vakansie op Sondag en Kersdag verjaar!**

